25 Maart 2011[1]

Carine van Zyl
Tel. (021) 808 5189

1. SAFEX (MTM-PRYSE)

Die MTM-prys op Vrydag 25 Maart 2011 vir koring lewering in Mei was R3070 per ton gelewer te Randfontein.

Kommoditeit	MTM-pryse (25/03/2011) R/mt					Week eindig R/mt (18/03/2011)	Vergelykende verhandelings-dag R/mt (26/03/2010)	% Ver-andering
	Apr-11	Mei-11	Jul-11	Sep-11	Des-11	Apr-11	Apr-10	Apr-10 tot Apr-11
Koring	3029	3070	3065	3067	2865	3093	2091	45%
Geelmielies	1645	1670	1700	1727	1768	1570	1161	42%
Witmielies	1605	1632	1652	1687	1729	1488	1105	45%
Sonneblom	3930	3975	4060	-	-	4195	3206	23%
Sojabone	3413	3375	3422	3463	3526	3400	2510	36%

Bron: SAFEX, 2011

Die koringprys het gedaal vanaf verlede week, die jaar-tot-jaar prys is 45% hoër as in 2010. Mielies se prys het gemiddeld met R96 per ton gestyg teenoor die vorige week. Die sonneblomprys het die afgelope week met R265 per ton gedaal. Daar was nie veel verandering in die sojaboonprys in vergelyking met die vorige week nie; die huidige prys is 36% hoër as in 2010.

Toestande in die Vrystaat lyk oor die algemeen goed, genoeg vog is beskikbaar vir wintergraan produksie. Die prys moedig produsente aan om weer koringproduksie uit te brei. Die Wes-Kaap se produksietoestande is minder gunstig vir die eerste deel van die winter (Santam Agri, 2011).

Die droogtetoestand in Mpumalanga en oormatige grondvog in Noordwes-Vrystaat kan die mielie-oes knou. Die oppervlak geteister deur die bogenoemde is relatief klein ten opsigte van die totale mielieproduksiearea. Die algemene indruk is dat mielies in die grootste gedeelte van die land heel goed lyk (Santam Agri, 2011). Die nasionale oesskattingskomitee (NOK) se Maart verslag toon aan dat die mielieproduksieskatting met 1.93% afgeneem het tot 10 831 200 ton vanaf Februarie. Die huidige skatting is ongeveer 1.98 miljoen ton laer as produksie in 2009-10.

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**

Vir sojabone kan klein oeste in sommige dele verwag word; swak wortelontwikkeling en oormatige vegetatiewe groei is a.g.v oormaat reën vroeg in die plantseisoen en min reën sedert einde Januarie. NOK toon aan dat die sojaboonproduksieskatting met 2.7% gedaal het tot 709 350 ton met die huidig klimaatstoestande in ag geneem. Die skatting vir sonneblomproduksie is hoër as die vorige skatting in Februarie. Sonneblomproduksie toon 'n 70% verhoging teenoor die 2009-10 oes van 490 000 ton.

2. KLIMAAT

In die somerreënval gebied was daar abnormale hoë reënval in Januarie en Februarie, wat 'n goeie basis gevorm het vir aanplantings. Reën word vir die volgende twee weke vir die grootste deel van die somerreënvalgebied verspel. Vir die westelike deel van die Noord-Kaap en Oos-Kaap word min of geen reën voorspel nie. 'n Bogemiddelde reënval word van Maart tot Mei in die somerreënval gebied verwag.

In die Wes-Kaap spesifiek was reënval onder die normaal in die westelike deel van die provinsie, reënval in die oostelike deel was oor die algemeen bogemiddeld. Watervlakke in die damme is laer as die vorige jare (57% in 2011; 65% in 2010). 'n Ondergemiddelde reënval word egter veral in die westelike dele van die Wes- Kaap vir die eerste deel van die winter voorspel.

Ongunstige internasionale weerpatrone veroorsaak probleme in Amerika en China. In die VSA kan somergraanproduksie deur die toestande in planttyd (April) verder benadeel word. La Nina se impak het effe verswak, maar beïnvloed steeds weerpatrone vir die komende maande.

3. EKONOMIE & ENERGIE



Bron: Reserwe Bank, 2011

Suid-Afrika kan nie die effek van hoër voedsel- en energiepryse ontduik nie. Die inflasierisiko het reg oor die wêreld aansienlik verhoog die afgelope paar maande. Die inflasie beraming is opwaarts aangepas a.g.v die vooruitsig vir verdere stygings in die pryse. RMB is van mening dat Suid-Afrika se inflasie 'n gemiddelde 4.9% in 2011 sal bereik (2010 inflasie 4.5%); die verwagting vir 2012 is 5.5%. Suid-Afrika se teiken-inflasie is tussen 3% en 6%. 'n Inflasie styging kan waargeneem word, maar die styging is steeds binne die teiken omvang.

Die Reserwe Bank maak vroeër die week bekend dat die direkte buitelandse beleggings in 2010 R11.4 biljoen was teenoor R45.4 biljoen in 2009. Die Rand se sterk vertoon in 2010 en die voortsetting van die vertoon word gedeeltelik as die rede aangevoer. Die onstabiele politieke situasie in Suid-Afrika dra ook by tot verhoogde risiko vir belegging, wat dus die beleggings moontlikhede minder aantreklik maak. Die stadige herstel van buitelandse ekonomieë, tesame met die "*bailout*" situasies word ook as redes vir die swakker beleggings aangevoer deur verskeie ontleders.

Die onderstaande grafieke soos deur Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) toon die verbruikersprys vir mielie- en koringprodukte vanaf 2000 tot Januarie 2011. Die prys vir mielieprodukte het sterk styging van 2006 tot 2009 getoon. Die afgelope jaar was die plaaslike prys

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**

laag in vergelyking met die internasionele prys a.g.v uitvoer probleme en dus dui dit op 'n meer stabiele prys. Die verbruikersprys vir wit en bruin brood het teen einde 2010 begin verhoog. Die verbruikerspryse vir die produkte sal skerper verhogings toon in die komende maande na aanleiding van die kommoditeitsprys verhogings.





Bron: SARS, 2011.

Die geweegde gemiddelde koers teen 10h30, 25 Maart 2011 waarteen die Rand teenoor die VSA-Dollar verhandel het, was R6.88 (Reserwe Bank, 2011).

Volgens die Econometrix ekonoom, Tony Twine, kan Suid-Afrika nog 'n brandstofprys verhoging in April verwag. Na beraming sal die dieselprys met 54 sent per liter styg en die petrolprys met 43 sent per liter, indien die olieprys relatief stabiel bly tot die einde van die maand. Nie veel variasie kan die afgelope week in die olieprys kan waargeneem word nie.



Bron: I.C.UK, 2011

4. INTERNASIONALE SITUASIE

IGC wêreldgraanskatting 2011-12 (jaar –tot-jaar verandering)

Produksie: 1.805 biljoen ton, (+4.6%)

Verbruik: 1.808 biljoen ton, (+1.1%)

Voorsiende eindvoorraad: 338 miljoen ton, (-0.9%)

Totale produksie, koring ingesluit: 673 miljoen ton, (+3.9%)

& mielies: 841 miljoen ton, (+4.1%)

Graan aanplantings: 537 miljoen hektaar, (+4%)

Die eksterne makro en geo-politiese faktore is die dryfveer in die swak presterende graanmarkte. Volgens die Verenigde Nasies (FAO) se skatting sal koringproduksie die jaar hoër wees as die vorige jaar. Daar word egter gewaarsku dat graanvoorraad steeds beperk is a.g.v die stygende vraag.

Koringproduksie vooruitsig 2011-12 ; (verandering vanaf 2010-11)

Kazaksthan: 15.6 miljoen ton (+56%)

EU: 142 miljoen ton (+4%)

Kanada: 25 miljoen ton (+7.8%)

Bron: Verenigde Nasies (FAO)

Wêreld koringproduksie in 2011-12 sal met 3.4% styg tot 676 miljoen ton volgens projeksies van die FAO; hul voorsien dat produksie in die Swart See area sal toeneem en sodoende sal lei tot uitvoer-herstel (sien ook die *International Grain Council - IGC* se syfers). Hoër aanplanting in die meeste lande was as reaksie op die sterk prys

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**

in die afgelope seisoen. 'n Opbrengs herstel word verwag in die areas wat deur droogtes geteister was. Met gunstige klimaatstoestande kan gemiddelde graanproduksie en uitvoer-inkomste onderhou word om dus gemaklik die plaaslike vraag te hanteer.

Ondergemiddelde produksie en die stygende vraag ondersteun tans pryse. Voorraadvlakke toon aanhoudende daling volgens die Kanadese regering. Daar word dus verwag dat die Chicago mieliepryse na $7 per *bushel* sal beweeg na die herstel in die kommoditeitsmark. Volgens 'n opname gedoen deur Bloomsberg sal die koringprys in die VSA in die 2de kwartaal gemiddeld op $8 per *bushel* ondersteun word deur die daling in voorraad.

4.1. VSA

Lae wêreld mielievoorraadvlakke en ongunstige klimaatstoestande het hoë volatiliteit in die internasionale graanmarkte veroorsaak. Die VSA se hoof planttyd vir somergraan gewasse is van April tot einde Mei. 'n Bogemiddelde reënval en koeler toestande in die ooste by die '*corn belt*' tesame met 'n ondergemiddelde reënval in die weste kan tot Junie verwag word. Droeër toestande kan die vegetatiewe tot reproduktiewe periode vanaf Junie tot Augustus benadeel.

Hard red winter koring is die belangrikste koringklas in die VSA; dit het 40% van nasionale koringproduksie in 2010 verteenwoordig. In Kansas, die top produksiestaat word 27% van saailinge as goed geklassifiseer en 37% van totale produksie word geklassifiseer as swak tot baie swak. In Oklahoma gaan meer as 80% van die produksiearea gebuk onder droogtetoestande; groot dele aangeplant sal nie geoes word nie, maar eerder vir weidings gebruik word.

4.2. RUSLAND

Die Russiese Eerste Minister, Zubkov, voorsien dat hul graanproduksie die jaar ongeveer 84 – 85 miljoen sal wees, teenoor die ongeveer 60 miljoen ton wat in 2010 geoes is. Volgens Zubkov is daar geen rede om die uitvoerverbod vroegtydig te kanseleer nie, ten spyte van die spekulasies. Die verbod geld ten minste tot Julie 2011, waarna die plaaslike en internasionale graanmarksituasie hersien sal word. Die *Board of Russian Grain Unions* eis dat die verbod vroeër gelig moet word omdat die huidige verhandelings met onvoldoende hoeveelhede graan die prys verwyder van die internasionale prystendens.

4.3. JAPAN

Korea het dit sterk oorweeg om voedsel invoere vanaf Japan te verban a.g.v die moontlikheid van bestraalde voedsel. Daar is egter besluit om voeldselinspeksie op te skerp, en so die risiko op ingevoerde voedsel vanaf Japan te beperk. Kanada verskerp ook veiligheidsinspeksies; vrugte, melk en groente vanuit streke na aan die kernkragstasies benodig addisionele dokumentasie om hul veiligheid te bevestig voordat dit in Kanada toegelaat sal word. Australië beperk ook invoere vanaf Japan, maar aangesien slegs klein hoeveelhede vanaf Japan ingevoer word is die risiko vir verbruikers minimaal. Die Europese Unie toets voedsel vanuit Japan om veiligheid t.o.v bestraling te bevestig; Duitsland en Engeland het reeds addisionele kontrolepunte ingestel nadat die VSA voedsel invoere vanuit Japan verban het. Volgens die *International Atomic Energy Agency (IAEA)* het die bestraling in Japan nog nie voedselproduksie in ander lande beïnvloed nie.

[1] **Vrywaring: Die voorbereiding van die inligting is met groot sorg gedoen om die akkuraatheid daarvan te verseker. Die Departement van Landbou Wes-Kaap of enige van sy personeellede kan nie verantwoordlikheid of aanspreeklikheid vir die geldigheid van die inligting aanvaar nie.**